SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 26 DESEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die heengaan van Alan Ansel, ex-ZS2AJ, op Donderdagaand 23 Desember aangekondig moet word. Alan was vir 'n lang tyd lid van PEARS, maar weens 'n langdurige siektetoestand, was hy nie meer aktief as radioamateur nie en het hy sy lisensie 'n aantal jare gelede laat verval. Hy het nogtans sy lidmaatskap van PEARS voortgesit en het gereeld aan PEARS se "wrinkly rave" van die ringkoppe deelgeneem.

Ons innige meegevoel aan sy eggenote Vicky, ander familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

GEWYSIGDE RADIOREGULASIES

ONTWIKKELINGS VAN BELANG IN ANDER LANDE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Let asb. daarop dat die SARL-kantoor reeds gesluit is en dat dit weer op 10 Januarie volgende jaar sal heropen.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. u berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

GEWYSIGDE RADIOREGULASIES

Uiteindelik, die nuus waarvoor ons almal gewag het, die wysigings aan die Radioregulasies is deur die Staatsdrukker ontvang, maar, weens die Kersnaweek, sal dit eers op Dinsdag 28 Desember gedruk word en sal dit op Donderdag die 30ste te koop wees. Vir almal is dit 'n goeie vooruitsig om die nuwe jaar mee te begin. Vir wat oor 'n lang tydperk deur die arbeidinset van die SARL bereik is, is dit 'n goeie rede om vir die SARL dankie te sê deur onverwyld 'n lid van die SARL te word en sodoende meer krag te verleen aan die SARL in belang van alle radioamateurs in die land.

Die nuwe datum vir die "Welkom op HF" kompetisie van PEARS sal seker binnekort aangekondig word, maak intussen gereed daarvoor.

ONTWIKKELINGS VAN BELANG IN ANDER LANDE

Aangesien daar gedurende hierdie tyd van die jaar 'n afname in lokale nuusberigte ondervind word, maak ons van die geleentheid gebruik om enige berigte aangaande gebeure in die amateurwêreld in ander dele van die wêreld aan u te bring. Die volgende berigte is verkry uit WIA news van Australië:

WIA NASIONALE VERENIGING

Die Wireless Institute of Australia (WIA) is nou 'n volwaardige nasionale vereniging, en nie meer 'n federasie van Afdelings, soos voorheen nie. Die Raad van die New South Wales Afdeling het tydens sy vergadering op 10 Desember 'n Instellingsooreenkoms met die nasionale WIA onderteken. Deur dit te doen was dit die laaste van die afdelings onder die voormalige federale struktuur om sy rol vir die toekoms asook sy verbintenis met die nasionale WIA te defineer. Die vorige VK2-afdeling sal voortbestaan maar onder 'n nuwe naam en het onderneem om sy lede aan te moedig om lede van die WIA te word. Dit het twee dae minder as een jaar geneem maar Maandag die 13de was die herdenkingsdag van die vorming van 'n belangegroep wat die beplanning begin het ten einde 'n enkele WIA te bereik. Baie is gedurende twaalf maande bereik, alles te wyte aan die pogings van begeesterde mense, sowel van die Raad asook andere uit die vorige Afdelings.

VVORGESTELDE NUWE LISENSIESTRUKTUUR IN VK-LAND

Ons bly in Australië. Hulle ACA (Australian Communications Authority) is in die proses om die reguleringsraamwerk vir 'n nuwe drievlakkige lisensiestruktuur vir radioamateurs uit te werk wat verwag word om rondom Mei 2005 geïmplimenteer te word. Die WIA het saamgewerk met die ACA aan die ontwikkeling van die sillabus vir die eerste vlak lisensie. Die sillabus word deur 'n werkgroep van die WIA, bestaande uit 4 persone, opgestel.

BKL AAN DIE GEVEGSFRONT IN VK-LAND

Dit is bekend gemaak dat die Raad van die WIA 'n verslag aanvaar het wat opgestel is deur sy spesialistegroep, die WIA BKL-werkgroep, wat belas is met die verantwoordelikheid om die ontwikkeling van BKL te monitor en te analiseer. BKL staan vir BreëbandKommunikasie oor KragLyne.

Die verslag is 'n omvattende oorsig van BKL in sy Australiese konteks en dit word geglo dat dit van belang sal wees vir die kragindustrie, voornemende BKL-operateurs, BKL-toerustingvoorsieners, Internetdiensverskaffers, die telekommunikasie-industrie, radiokommunikasiegebruikers, staatsreguleerders van verbruikerbeskerming, kompetisie, radiokommunikasie en telekommunikasie.

Die verslag bevat 'n beskrywing van BKL, sy voordele en nadele en risikos uit die perspektief van die betrokke belangegroepe. Dit beskryf die Australiese wetgewende omgewing, die breëbandaanbieding van vandag en sy ontwikkeling. Toepassings van HF-radiokommunikasie word geïdentifiseer en beskryf en 'n

kort opsomming van oorsese proewe van BKL-tegnologieë word voorsien. Die verslag besluit dat die WIA nie uit begisel teen BKL gekant is nie, maar is gekant teen optrede wat substansiële steuring aan of substansiële ontwrigting van radiokommunikasie tot gevolg sal hê. Die WIA glo dat dit gelukkig is dat BKL nie die enigste pad vorentoe is nie en dat hy seker is dat ontwikkelings in ontluikende tegnologieë in Australië se groeiende behoefte aan internettoegang sal voorsien.

VORDERING IN INDIë

In 'n betekenisvolle stap het die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede van Indië 'n gesamentlike vergadering van verskeie ministeries, staatsdepartemente en verskeie Amateurradioliggame in Indië op 6 Desember byeengeroep. Die vergadering is gehou in opdrag van die Nasionale Rampbestuursvleul van die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede en het gefokus op die verwydering van die bottelnekke in die pad van die uitbreiding van amateurradio in Indië en om 'n "Nasionale Padkaart" vir die bevordering van amateurradio op te stel. Gedagtewisselingsessies is oor die volgende onderwerpe gehou: 1. Amateurradio in Opleiding (Skool/Kollege/Tegniese Institute); 2. Amateurradio vir vrywilligersgroepe onder jeugontwikkelingskemas; 3. Amateurradiobevordering en verwante Wetlike/Sekuriteits/Regulatoriese aspekte.

Die vergadering is ingelig dat oorweging van 'n wysiging aan die Indiese Radiotelegrafiereëls (Amateurdiens) in die pyplyn is en dat daar moontlik net twee lisensiekategorieë in Indië mag wees nl. 'n Beperkte en 'n Algemene klas.

Die vergadering was byeengeroep deur die Direkteur van die Ministerie van Huishoudelike Aangeleenthede, wat ook as voorsitter opgetree het, wat sterk gevoel het dat die klagtes van amateurradioentoesiaste in Indië werklik is en dat dit ernstige aandag geniet. Hy het ook sy siening uitgespreek dat met die argaïese reëls en regulasies in Indië weggedoen word.

Dit is interessant om waar te neem dat amateurradio meer erkenning verkry as onderriggereedskap in elektronika sowel as 'n waardevolle diens aan die gemeenskap.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, ons spioen op die ionosfeer, het die volgende te sê: die sonvlekgetal het baie min oor die afgelope week gevarieer. Dit was Donderdag 44,3 teenoor verlede week se 31,0. Die verwagting is dat dit nou effens sal styg tot 'n moontlike hoogtepunt hierdie naweek - alhoewel dit nie met sekerheid voorspel kan word nie. Sonaktiwiteite was oor die afgelope week buitengewoon laag - slegs een enkele kolletjie op die hele sonoppervlakte! Daar is wel 'n mootlikheid van koronamassa-invloei na die aarde op 24 en 25 Desember met gepaardgaande stormagtige toestande. DX-toestande is die swakste wat ek dit oor die afgelope tien jaar ervaar het.

DAGBOEK VAN GEBEURE

1 Januarie - Handsleutelmorsenag; 23 Januarie - Presidentsnet; 12 Februarie - RTA-lesing by NARS om 10:00; 9 April 2005 AJV van die SARL; 14 Mei - Lesingsvoorstelle vir AMSATCON2005 in te dien; 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005 in te dien.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 9 750 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX